# Welkom by NG The Reeds

## ‘n Veilige hawe vir nuwe hoop

Ek weet wat Ek vir julle beplan...







# Flam 113

Here Jesus, U skyn oor almal,
met die glans van u liefde skyn U.
Skyn op ons tot ons oë oopgaan.
Maak ons vry om te lewe voor U.
Skyn oor my, skyn oor my.



Soos lig wat skyn
in die donker van hierdie wêreld,
soos lig wat skyn,
skyn die Heer in ons.
Kom, Jesus, kom
en verdryf al die donker in ons.
Kom laat u liefde
die wêreld oorwin.



Here, maak my 'n lig wat helder
skyn om liefde te dra, al verder.
Skyn deur my tot die hele wêreld,
weet dat U vir ons
almal gesterf het.
Skyn deur my, skyn deur my.



Soos lig wat skyn
in die donker van hierdie wêreld,
soos lig wat skyn,
skyn die Heer in ons.
Kom, Jesus, kom
en verdryf al die donker in ons.
Kom laat u liefde
die wêreld oorwin.



# Jeremia 29:1-14



1. Dit is die woorde van die brief wat die profeet Jeremia uit Jerusalem gestuur het na die res van die oudstes in ballingskap en na die priesters, die profete en die hele volk wat Nebukadnesar uit Jerusalem in ballingskap weggevoer het na Babel,

2. nadat koning Jegonja, die koninginmoeder en die eunugs, die hoë amptenare van Juda en Jerusalem, die vakmanne en metaalwerkers reeds uit Jerusalem vertrek het, 3. deur bemiddeling van Elasa, seun van Safan, en Gemarja, seun van Gilkija, hulle wat deur Sedekia, koning van Juda, na Babel, na Nebukadnesar, die koning van Babilonië, gestuur is:

4. So sê die Here, Heerser oor alle magte, die God van Israel, aan al die ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel in ballingskap weggevoer het: 5. "Bou huise en bewoon dit; plant tuine aan en eet die vrugte daarvan! 6. Neem vroue en verwek seuns en dogters, en kry vir julle seuns vroue en gee julle dogters aan mans, sodat hulle seuns en dogters kan kry. Word daar meer en moenie minder word nie. 7.Bevorder die voorspoed van die stad waarheen Ek julle in ballingskap laat gaan het, en bid tot die Here vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle."

8. Ja, so sê die Here, Heerser oor alle magte, die God van Israel, 'Moenie dat julle profete en die voorspellers in julle midde julle mislei nie, en moenie aandag gee aan die drome wat julle hulle laat droom nie. 9. Want dit is leuens wat hulle vir julle profeteer in my Naam. Ek het hulle nie gestuur nie,' is die uitspraak van die Here.

10. Ja, so sê die Here: "As sewentig jaar vir Babel verloop het, sal Ek aan julle aandag gee en my goeie belofte aan julle gestand doen, om julle na hierdie plek toe terug te bring.

11. Ja, Ek ken die planne wat Ek vir julle het," is die uitspraak van die Here. "Dit is planne van voorspoed, en nie teenspoed nie, om aan julle 'n toekoms en hoop te gee. 12. Julle sal My aanroep, en kom en tot My bid, en Ek sal na julle luister. 13. Julle sal My soek en vind as julle My met julle hele hart raadpleeg. 14.Ek sal My deur julle laat vind," is die uitspraak van die Here, "en Ek sal julle lot verander en julle bymekaarmaak uit al die nasies en al die plekke waarheen Ek julle verdryf het," is die uitspraak van die Here, "en Ek sal julle terugbring na die plek waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het."

# Tydelike verblyf na ‘n ramp



# Ballingskap kan mens lam lê





# Ballingskap kan mens lam lê

Die volk is weggevoer na Babel





# Ballingskap kan mens lam lê

Valse profete het mislei:

- Onregverdig;
- Ontevredenheid;
- Uitkoms is op pad.





# Ballingskap kan mens lam lê





Dit alles het gemaak dat hulle ophou lewe het

# Ballingskap kan mens lam lê

Almal beleef soort van ballingskap

Land, siekte, ongeluk, werk verloor, egskeiding, dood





## **Nuwe lewe**

## vra 'n <u>nuwe</u> <u>fokus</u>



## Moenie langer op julle tasse sit en <u>wag</u> nie…

**Nuwe lewe**

vra ‘n <u>nuwe fokus</u>

..



Vreemde opdrag: Skets visie v Genesis

## Bevorder belange en bid vir stad!

**Nuwe lewe**
vra ‘n nuwe fokus

..



## Hierdie nuwe fokus het bygedra tot nuwe teologie

**Nuwe lewe**
vra ook vir ons
'n <u>nuwe fokus</u>

..



Opdrag vandag?

Visie vandag?

# God se belofte is ‘n nuwe gemeenskap

Hierdie belofte word dikwels ingespan vir eie drome, wense en voorspoed.

Die teks praat anders!



# God se belofte is ‘n nuwe gemeenskap

Ek weet wat ek vir julle beplan:

- Voorspoed nie teenspoed;
- Ek wil ‘n toekoms gee;
- Ek wil ‘n verwagting gee;



# God se belofte is ‘n nuwe gemeenskap

## Hierdie belofte roep dus ‘n radikale omkeer – herstel van verhouding - op

*“… dan sal julle my aanroep, tot My bid, en ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na My wil en julle sal dan My wil ken as julle met julle hele hart  daarna vra.. Julle sal My ontmoet…”*



# God se belofte is vandag steeds ‘n nuwe gemeenskap

Hierdie belofte roep dus ‘n radikale omkeer – herstel van verhouding - op



# Tydelike verblyf na ‘n ramp




Ek weet wat ek vir
julle beplan…



# VONKK 277:1

**U is die lig wat deur die donker skyn.**
**U is die een wat duister laat verdwyn.**
**Skyn in ons harte, dryf die donker uit.**
**Skyn in ons lewens tot in ewigheid.**



VONKK 277

*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**



VONKK 277:2

U is oorwinnaar, U’t die dood verslaan.
U het as Koning uit die graf gegaan.
Breek nou die bande,
gooi die boeie neer.
Ons is oorwinnaars saam
met U, ons Heer.



*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**



VONKK 277:3

**U is die Bruidegom en ons u Bruid.**
**U nooi ons vir die bruilofsmaaltyd uit.**
**Daar klink ons lof,**
**daar klink ons danklied uit.**
**Ons bly by U tot in die ewigheid.**





# Ek weet wat ek vir julle beplan…